DEEL 115 | WEEK 5 | 3 FEBRUARIE 2023 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR





# MET GRYSHEID KOM WYSHEID

Met 'n stetoskoop om die nek en 'n woord van wysheid op die tong, staan dokters Lood Spies en Danie van Stryp altyd gereed om te help met enige mediese probleme.

Op 1 Februarie was dit die 40ste jaar wat dr. Spies as dokter op Heilbron praktiseer - en vir vier dekades al by die spreekkamer wat Heilbronners maar al te goed ken. Dr. Spies wat in Bloemfontein sy kwalifikasies ontvang het, vertel dat hy deel was van die eerste groep mediese studente wat onderrig ontvang het in 1971 toe die fakulteit sy deure vir die eerste keer geopen het. Met dr. Spies se aankoms in 1983 het hy saam drs. Smit en Nel vir drie maande 'n praktyk gedeel voordat hy dié op die ou end oorgeneem het. Daarna het hy vir lank saam met dr. Houtjie Mostert 'n praktyk gedeel voordat dr. Van Stryp ook sý stempel op die gemeenskap kom afdruk het. Dr. Van Stryp wat agt jaar later by die praktyk aangesluit het, dien dadelik as 'n groot aanwins vir die dorp en word net so hoog geag in die mediese veld. Hy bied sedertdien al vir 32 jaar mediese dienste aan Heilbron.

Alhoewel dr. Spies 'n dokter in murg en been is, het hy ook 'n groot belangstelling in boerdery en hy is 'n bekende Bonsmara-teler in die omgewing. Met grysheid kom wysheid en van aftree is daar nog geen sprake nie. Dr. Spies vertel, sou die tyd kom, beplan hy om in 'n mobiele motorhuis te belê en dan die land plat te toer.

Sy raad aan jong toekomstige mediese studente is, tong in die kies: “Dink mooi voor julle gaan.” Hy voeg ook by dat studente bereid moet wees om van dag een af hard te werk en nie net op universiteit nie.

“Heilbron is goed vir ons,” sluit dr. Spies af. Hy bedank elke pasiënt wat hulle, sonder ophou, vertrou en ondersteun.

*Op die foto links bo: Dr. Lood Spies*
*Op die foto regs bo: Dr. Danie van Stryp*

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451
BKB
www.bkb.co.za


HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
WILGE CHEM
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!


# Mass measles vaccination campaign


## *6 - 17 February 2023 - All children aged 6 months to 15 years*

***• Heilbron Clinic***

Contact your nearest clinic for further info.




# Musiek-vasvra met 'n verskil

Die Huppel Trippelklub het Dinsdag 'n musiekvasvrae met 'n verskil aangebied. Die gebruiklike vrae is gevra en soos gewoonlik, was dit 'n kuns om die lede vas te vra. Ná die vasvrae, moes almal luister na besonderhede oor sangers en daarna moes hulle raai oor wie die inligting gaan. Die genoemde sangers was Jim Reeves, Min Shaw en Sias Reynecke. Nonna Roos het vir hierdie kopkrappers gesorg. Die oggend is oudergewoonte met koek en tee afgesluit. Op 14 Februarie beplan die klublede om hulself met 'n melkskommel by die Fraaihuis Kwekery te bederf.






*Inlas foto: Nonna Roos.*
*Foto regs van die lede van die Huppel Trippelklub.*

# Uitdiepen: Week 5 van 2023



Julle het hiér seker al 'n duisend keer van my gryse ou vader gelees. Wat tans in die hemel is. Hy het anekdotes oor elke liewe situasie gehad. Soms iets wat jou diep laat nadink, ander kere om jou weer terug te bring na die "straight and the narrow" en ander kere wat jou sommer laat skater van die lag.

Wanneer iemand iets te drinke aangebied het, het hy gewoonlik gesê: Skink terwyl daar nog 'n druppel blink.

Gryse ou vader het nie tee gedrink nie. Hy het vertel dat hy laas tee gedrink het toe DDT nog op die mark was. (Smaak my dít het hom niks gedoen nie).

In November en Desember 1987 was dit redelik warm in die Noordwes-Vrystaat, dáár waar ek grootgekom het. Min reën. Die boere hou die wolke dop, want hulle moet teen 31 Desember 1987 klaar mielies geplant het anders ryp die plante dood. My gryse ou vader het altyd gesê dat jy tot op 35 Desember kan plant, solank jy net nie op 1 Janaurie nog plant nie.

Die boere, trou aan hulle aard, het geglo dat die reën weldra sal kom. Daar was hier en daar 'n buitjie maar nie genoeg nie, en in die middel van Maart 1988 reën dit asof daar nog nooit water op die aarde uitgegiet is nie. Nie noodwendig so hard nie, maar so aanhoudend.

Daardie naweek hou ons die weerberigte dop: die vlak van die rivier wat op die voorstoep van die dorp verbyvloei is besig om te styg. Die hele dorp is op gereedheidsgrondslag geplaas.

Sondagmiddag bring die boere, wat nie oor die rivier hoef te ry nie, trekkers met sleepwaens en lorries dorp toe: diegene wat neffens die rivier bly, moet ontruim word. Almal help. Tannie A se meubels word by B gestoor. Oom C s'n by D, en so gaan ons aan.

Daardie dag oorstroom die rivier sy walle. Darem geen noodlottige gevalle nie. Maar sommige huise is tot nokhoogte onder water. Een tannie het 'n paar maande vantevore 'n nuwe vrieskas aangekoop, en sy moes die spens se deur afhaal om die kolos in die spens te kry. Toe die watervlak weer daal, en die mense teruggaan na hulle huise, spoor die tannie haar vrieskas in die badkamer op.

Ek het ook gesien hoe 'n rivier wat oorstroom, letterlik die teer oprol en dit stroom-af vat. Daar is krag en lewe in water.

Ons het daagliks water nodig. Vanoggend luister ek na die voorsitter van die Menseregtekommissie (MRK) oor water: alle huishoudings moet toegang hê tot ten minste 6000 liter water per maand. Daar moet 'n toilet of geventileerde puttoilet wees wat relatief veilig is en daar mag geen water vanaf verbruikers weerhou word vir langer as sewe dae per jaar nie.

Ek sien hoe jy jou kop skud: Ja, ek het gaan kyk op die MRK se webwerf. Dis die waarheid daai. Maar papier is geduldig.

Net 'n kantlynopmerking: Die MRK kan sekere bevindings maak en sekere strawwe oplê, maar, volgens die spreker oor die radio, is hulle hande afgekap wanneer dit by die regering en waterverskaffing kom. Wat is dan die nut van MRK ondersoeke oor waterverskaffing, wonder ek?

Pretoria het 'n redelike warm Desember en 'n helse warm Januarie beleef. Met min reën. In teenstelling met verlede Januarie se reëns toe Centurion en omtes 'n massa sinkgate oorleef het.

Ons is van die gelukkiges wat ons tuin met boorgatwater kon groen hou. Ek het die weerberig dopgehou vir reën. Maar niks.

Die munisipaliteit het waarskuwings uitgereik dat water spaarsamig gebruik moet word. Wat ons doen. Ek weet nie of almal dit doen nie. Want ek sien soms waterlekke langs die pad. Ek het dit al twee keer gerapporteer (verskillende lekke op verskillende plekke). Die eerste opmerking vanaf die munisipaliteit is: Ons kan dit nie nou op ons stelsel sit nie, want sê nou maar iemand het dit reeds gerapporteer?

Wat? Ek dink amper dat iemand aan die waterlek aandag sou gegee het indien dit reeds gerapporteer was.

Maar nou ja.

Die knaende aan-af aan-af vanaf Eskom help ook nie, want behalwe vir die infrastruktuur wat broos is, kan daar nie genoegsame water gepomp word nie.

Dit was weereens 'n warm, droë naweek in Pretoria. Dinsdag met etenstyd gaan stap ek gou amper vier kilometer, net om my twee moeë breinselle weer op te spoor. Teen 14:30 sien ek die wolke wat saampak. Net na 16:00 bel my goeie man: "Laat weet wanneer jy naby die huis is, sodat ek hek toe kan swem om vir jou oop te maak." Daar is 'n reënbui omtrent 9 kilometer van hier af.

Minute later is dit asof die sluise van die hemel maak oop: hier by my kantoor en by die huis. Dit stroom in riviere by die strate af, die ruitveërs werk oortyd en almal wat nie kan bestuur nie, is op pad huis toe.

By die huis sien ek die opdrifsels en een watertenk loop amper oor. Maar my hart is dankbaar omdat daar weer water is. Die Here het letterlik ons tuin kom natmaak.

Daar is krag en lewe in water. Dis kosbare druppels wat met respek behandel moet word. Ons kan sonder elektrisiteit, ons sal sukkel daarsonder, maar vir geslagte voor ons het hulle sonder dit klaargekom. As dit regtig moet, dan kan ons.

Maar water? Nee. Gewis nie.

Les vier vir vanjaar: Werk respekvol met water. Daar is krag en lewe in water.

# Wol sorg vir groot glimlag





Om honderde bale wol in 'n seisoen af te skeer, is vir min boere beskore. Jaco Wessels, van die plaas Johanna in die Edenville-omgewing, het hierdie prestasie einde Januarie behaal. Hy het 113 bale wol vanaf sy 4 000 skape geskeer. Hierdie is 'n eerste vir Wessels en hy beoog om sy oupa se rekord van 257 bale te ewenaar.

Die Van Lill-skeerspan het byna twee weke geneem om al die skape te skeer en die 16,6 ton wol te versamel.

Om sake te verbeter lyk die wolmark tans ook baie gunstig. Wolpryse het vir die derde agtereenvolgende veiling in die nuwe jaar gestyg tot die hoogste vlakke nóg vir die seisoen.

*Op die foto agter vl: Jaco Wessels Snr en Rudi Jacobs (Van Lill Wolkopers). Voor: Jakes Wessels Jnr.*



# Troukoors

*Hannes en Martinette Malan is op 28 Januarie te Lions Lake in die Oranjeville-omgewing in die eg verbind. Hannes is die seun van Emile en Annemie Malan wat in die Oranjevilledistrik woon. Martinette se ouers is Koos en Hantie Muller van Frankfort. Martinette is tans 'n onderwyser by die Hoërskool Heilbron. Die egpaar vestig hulself op die plaas, Poortjie.*






# Gee lewe - skenk bloed

Om bloed te skenk is 'n voorreg. 'n Kosbare geskenk aan 'n onbekende. Soveel lewens kan gered word deur net 'n paar mense se skenkings. Daar word beweer dat elke eenheid bloed wat geskenk word ongeveer drie lewens kan red. Prematuurbabas, kinders met erge anemie, traumapasiënte en soveel meer mense is afhanklik van skenkers se bloed. Deur jou bloed te skenk, gee jy elkeen van daardie persone nóg 'n kans op lewe. Die Suid-Afrikaanse Bloedbank (SANBS) maak dit moontlik vir Heilbronners om gemaklik en gerieflik bloed te kan skenk. Met die onlangse skenking wat op 31 Januarie by die NGK Suid-gemeente plaasgevind het, het Heilbronners ȉ bydrae van 56 eenhede bloed gelewer. Hiermee kan ongeveer 150 lewens gered word.

# Museum kry nuwe komitee

"Ons wil graag die museum laat herleef omdat ons glo 'n gemeenskap sonder geskiedenis, is 'n gemeenskap sonder 'n toekoms".

Só vertel Lanzo Soothill, voorsitter van die nuwe komitee wat gestig is om die Riemland Museum se voortbestaan te bevorder.

"Mense moet weet waar hulle vandaan kom en slegs deur geskiedenis kan hulle die prentjie kry. ’n Museum is maar een manier om ’n gemeenskap se geskiedenis saam te vat en te help om stories te vertel wat mense inspireer," voeg hy by.

'n Nuwe komitee is onlangs op die been gebring met die oog op die viering van die dorp se 150ste bestaansjaar. Hulle beoog om die museum só te verbeter dat dit groter blootstelling aan die publiek sal bied. Om dít reg te kry, het die komitee groot planne vir die pad vorentoe. Soothill vertel dat hulle eerste fokus op die museumgebou en -terrein gaan wees. Hulle wil graag dié erfenisjuweel op standaard kry om te verseker dat die finansiële posisie van die instansie verbeter kan word. “Ons wil hê die Museum moet weer die middelpunt van belangstelling word en sommer ook as 'n inligtingsentrum dien waar die gemeenskap meer inligting oor hul families asook die Riemland-area kan bekom," aldus hom. "Daar gaan baie geleenthede wees waar ons spesiale dae en funksies sal hou en glo dat ons selfs besoekers van buite Heilbron sal lok," voeg hy by.

Vir die komitee is die aanbied van funksies belangrik en hul wil graag ook 'n herlewingsprojek loods. Dié sal met ȉ reeks indiepte-onderhoude gepaard gaan waartydens ouer gemeenskapslede en -leiers genader sal word. Met dié projek hoop die komitee om die kollig te plaas op inwoners se ervarings met betrekking tot die omgewing asook belangrike geskiedkundige gebeure. Die onderhoude sal digitaal opgeneem word en dan in die museum se databasis en rekords gestoor word waar enigiemand dit kan kom navors.



*Op foto van links na regs, is die nuwe komiteelede: Piet Lombaard (tesourier), Jaco Calitz (ondervoorsitter), Lanzo Soothill (voorsitter) en Zani Jooste (sekretaresse).*


**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**MAANDAE - VRYDAE:** 08:00 -16:30
**SATERDAE:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42, HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

**VAKATURE: NG KERK HEILBRON-SUID**
**SKRIBA EN KASSIER**

*Die Kerkraad nooi belangstellendes uit om aansoek te doen vir die pos van skriba en kassier wat beskikbaar sal wees vanaf 1 April 2023.*

**Skriba pligte sluit, onder andere, die volgende in:**
- Opstel van kerk- en bestuurraad agenda's;
- Neem en opskryf van notules van die kerk- en bestuursraad (geen stemreg);
- Byhou van lidmaatregister (gebruik Winkerk 10 - NG Kerk se eie program);
- Opstel, tik en verspreiding van weeklikse gemeentenuus;
- Opstel van jaarlikse kalender;
- Algemene kantooradministrasie; en
- Skakeling met lidmate, publiek en ander kerkverwante organisasies.

**Kassierpligte sluit, onder andere, die volgende in:**
- Alle finansiële boekhoudingspligte van die gemeente tot en met die proefbalans (gebruik Finkerk - NG Kerk se eie finansiëleprogram);
- Hanteer alle geld wat ontvang word (kontant, EFT, kaartbetalings, ens.);
- Bank van kontant soos en wanneer nodig;
- Berekening en betaling van salarisse;
- Betaling van krediteure;
- SARS, LBS en WVF berekeninge en betalings;
- Opstel van finansiëlestate vir die finansiëlediensgroep en kerkraad; en
- Voorbereiding en voorlegging van alle inligting aan ouditeure.

**Kwalifikasievereistes**
- Senior sertifikaat (Gr 12) met rekeningkunde as vak;
- 'n Minimum van tien (10) jaar ondervinding in finansiële / algemene kantooradministrasie; en
- Bewese rekenaarvaardighede in Excel, Word, PowerPoint en rekeningkundige programmatuur (Pastel ens.).

**Verdere vereistes sluit:**
- Hoë standaard taalvaardighede;
- Hoë etiese norme en Christelike geloofsoortuiging; en
- Lidmaatmaatskap van die NG Kerk Heilbron-Suid te bekom, indien nie reeds 'n lidmaat is nie.

**Algemeen**
*Aansoeke vir hierdie pos kan aan die Voorsitter van die Diensverhoudingediensgroep gerig word:*
- NG Kerk Heilbron-Suid, Breëstraat 59, Heilbron, 9650; of
- per e-pos na ngheilbrons@gmail.com en moet vergesel wees van 'n volledige CV.

**Navrae kan aan me Magda van der Merwe, by telefoonnommer 058 852 1990 gerig word.**

**SLUITINGSDATUM: 10 FEBRUARIE 2023**

# Bronnies presteer tydens Zone-atletiekbyeenkoms

Verlede week was 'n groot week vir die Hoërskool Heilbron se atlete. Die primêre atlete het op Woensdag, 25 Januarie, aan die Heilbron Zone-atletiekbyeenkoms deelgeneem en op Vrydag, 27 Januarie, hulle staal teen Meyerton gaan meet. Hierdie byeenkoms is deur die Laerskool Voorwaarts aangebied en was 'n middag/aandbyeenkoms. Die fikse Bronnies oes ses goue medaljes, agt silwer medaljes, agte brons medaljes en 11 vierde plekke in.

Die Hoërskool Heilbron se sekondêre atlete het ook groot stofwolke opgeskop tydens hul byeenkomste. Die atlete het verlede Donderdag, 26 Januarie, aan die Heilbron Zone-byeenkoms deel geneem. 54 van die skool se atlete het skouers geskuur met van die dorp se bestes. Op die podium behaal die skool 47 eerste plekke, 27 tweede plek en sewe derde plekke. Na afloop van die byeenkoms dring 43 atlete deur na die Vaalrivierbyeenkoms wat op 8 en 9 Februarie sal plaasvind.



*Michaela Grobler*



*Chenelle Els*



*Luvandré van Wyk*



*Wikus Holtzhausen*



*Rudie Jonker*



*Marizaan Swanepoel*



*Luvandré van Wyk en Lehlohonolo Mothebe*



# Stuk geskiedenis kom tot val

Een van Heilbron se geskiedkundige bome het die afgelope naweek ontwortel en omgeval.

Dié bloekomboom is ongeveer 123 jaar gelede by die destydse konsentrasiekamp, nou die Voortrekkerterrein, geplant.

Kinders wat tydens die Anglo-Boereoorlog in die kamp was, het 'n laning bloekombome geplant ter ere aan Koning Edward VII se kroning. Dit het dus 'n groot geskiedkundige waarde vir Heilbron.

Koningin Victoria, destydse koningin van Engeland, is op 22 Januarie 1901 oorlede. Volgens die boek "Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902" het die troonopvolger, koning Edward, geweier om die koningsplegtigheid te laat voltrek totdat die vredesverdrag onderteken is.

Daar word beweer dat die koningsplegtigheid van 26 Junie 1902 uitgestel is, as gevolg van 'n blindederm aanval en het eers plaas gevind op 9 Augustus 1902.

Daar word afgelei dat die bome reeds in Januarie 1901 geplant is. Wat die bome so merkwaardig maak, is die feit dat kinders die bome geplant het met 'n bottel wat onder elke boom begrawe is met hul name daar in.

# Fraaiste gr. 1 is ...





*Heilbron Herald is opgewonde om die fraaiste graad 1-wenner vir 2023 aan te kondig. Met 56 reaksies op die Heilbron Herald se Facebook-blad, stap Keith Petzer (foto links) as wenner weg. Kort op sy hakke was Tommie Richards (foto regs), met 48 reaksies. Dankie aan elkeen wat deelgeneem het en baie geluk aan die wenner.*

# Skaak, eet, slaap, herhaal vir Reitz-leerders

Hendrik en Abel Rautenbach, leerders van die Hoërskool Reitz, het verlede week aan 'n skaaktoernooi in Bloemfontein deelgeneem. Die toernooi is deur die Kings and Queens-skaakklub aangebied. Hendrik eindig 4de en Abel 11de in die o.14-afdeling.









# KENNISGEWINGS

AG Smuts & Vennote/Partners

## NOTICE

In the estate late **CHRISTINA JOHANNA PAUL (FORMERLY VAN WYK)**
**Identity Number: 580318 0029 08 6)**
In life an attorney
**and deceased** on **16 MAY 2022**
**Estate No: 4970/2022 (BLOEMFONTEIN)**
In terms of the provisions of Section 35(5) of the Administration of Estates Act, Act 66 of 1965, as amended, notice is hereby given that the first and final liquidation and distribution account in the abovementioned estate shall lie for inspection by all parties concerned for a period of 21 (twenty) one days as from date of publication hereof at the offices of the Master of the High Court, Johannesburg, and at the Magistrate's Court, Reitz.
Should no objection be lodged at the Master of the High Court during the period of inspection, the executors shall proceed to make payment in terms of the account.
**(sgd) A G SMUTS**
**AG SMUTS & VENNOTE / PARTNERS**
**FORUM, 631 VOORTREKKER ROAD**
**P.O. BOX 743, BRAKPAN, 1540**
**TEL: (011) 740-1530**
**REF : MR SMUTS/NADINE/V724**

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **KATHRINA ELIZABETH OLIVIER, Identiteitsnommer 300316 0001 088,** 'n weduwee en wat woonagtig was te Huis Bron-van-Heil, distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 10 September 2022, **Boedelnommer 009090/2022.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE HERMINA SUSANNA GROENEWALD, Identiteitsnommer: 330309 0054 086,** weduwee in lewe 'n pensioenaris woonagtig te Huis Sorgvry, Reitz, 9810.
**Datum van afsterwe: 2022/10/29**
**Boedelnommer: 010764/2022**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE MARTHA JOHANNA BAM, Identiteitsnommer: 340529 0002 086,** weduwee in lewe 'n pensioenaris woonagtig te Huis Sorgvry, Clarkstraat, Reitz, 9810.
**Datum van afsterwe: 2022/08/14**
**Boedelnommer: 010447/2022**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**


## LOST OR DESTROYED DEED

FORM JJJ
Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer TE2685/2005**
passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
in favour of **ESTATE LATE MARTHA HLONGWANE, Identity number: 210323 0127 086** in respect of certain **ERF 108, PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE, IN EXTENT 779 (SEVEN HUNDRED AND SEVENTY NINE) SQUARE METERS** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON this 20th day of January 2023.
**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS: 40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL ADDRESS: aktesa@corven.co.za**
**CONTACT NUMBER: 058 852 2035**

**Form JJJ**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. TE10577/2003** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **ESTATE LATE GEKIE MARIA CHIBASE, Identity number: 340831 0164 084** in respect of certain **ERF 424 KWAKWATSI, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE, IN EXTENT 260 (Two Hundred and Sixty) Square Meters,**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 10th day of January 2023.
**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS: 40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesa@corven.co.za**
**Tel: 058 852 2035**




## LOST OR DESTROYED DEED

FORM JJJ
Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer TE17956/2005**
passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
in favour of **JERRY JEREMIA NTHOROANE, Identity number: 531229 5286 086 and MAKEISO ELIZABETH NTHOROANE, Identity number: 470723 0199 081** in respect of certain **ERF 1489, KWAKWATSI, DISTRICT KOPPIES, FREE STATE PROVINCE, in extent 297 (Two Hundred and Ninety Seven) Square Meters**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON this 13th day of December 2022.
**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS: 40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL ADDRESS: aktesa@corven.co.za**
**CONTACT NUMBER: 058 852 2035**

# DIENSTE • DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
*Hendie Lötter*
Tel: 058 852 3033 | heraldnuus@heilbron.co.za

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30 | **SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**POSTNET HEILBRON**

**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**

- **STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
- **PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
- **PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# SMALLS

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen 079 040 0531**




**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



# HERALD Sport

# Jackie wen met vier onder



*Van links is verlede Saterdag se gholfwenners: GP Rossouw, Jackie Leonard en RJ Muller.*

Saterdag se borgdag by die Heilbron Gholfklub het gesorg vir skitterende gholf. Jackie Leonard se gholf is op vorm en hy wen die kompetisie met 'n bruto-telling van vier houe onder baansyfer.

Hy het 'n eerste ronde van 32 houe gespeel. GP Rossouw was tweede met 'n netto-telling van 69. RJ Muller was derde met 70 netto-houe. Die setperke was so glad soos 'n snoekerblad en het bygedra tot Saterdag se goeie tellings.

Môre word daar vir die maandbeker gespeel en daar sal ook vleispryse op die spel wees. Inskrywings vind vanaf 11:00 plaas.

## RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 4 FEBRUARIE | PRETSKIET | 09:00 |
| 11 FEBRUARIE | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 18 FEBRUARIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 4 MAART | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 11 MAART | .22 EN JAGGEWEER EN HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 15 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 09:00 |
| 13 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 13 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 3 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |

**WINKELURE**
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Herald Office National
Elsstraat 44
Heilbron | 9650

ANTRIO Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

## Measles Campaign

Sandersville Clinic would like to inform you about the Measles Campaign that will be taking place for the two consecutive weeks in February, from 6 - 17 February 2023. All this is taking place due to the Measles outbreak.

**GREENFIELD**
- 6 February 2023 - Mookodi Edu Care
- 7 February 2023 - Sylvia's old Crèche
- 8 February 2023 - Sylvia's old Crèche

**S/SECTION-DIESENG**
- 9 - 10 February 2023 - MCina Church
- 13 February 2023 - Ha Mme Maserathi
- 14 February 2023 - Ha bo Sylvia

**SANDERSVILLE**
- 15 February 2023 - Ever Green Crèche
- 16 February 2023 - Protea Street
- 17 February 2023 - Leeuw Street

Sandersville Clinic, would appreciate your cooperation to better the lives of our children. For more information feel free to contact Sandersville Clinic - 058 852 2380.

Be my Valentine
Custom T-Shirt order
Herald
Couples Combo:
-2x Basic T-Shirts
- A4 Heat Press
R280 ex VAT
Singles Savings:
-1x Basic T-Shirts
- A4 Heat Press
R150 ex VAT
All orders to be placed before 8 Feb
Delivery 13 Feb
Email: marketing@heilbron.co.za | Whatsapp: 078 857 2100




OK Foods
OK Express
DOP & TJOP Combo Deal vir slegs R29.99
Koop 'n sak van ons NUWE hout & 'n sak ys!

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 6 FEBRUARIE 2023**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 7 FEBRUARIE 2023**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

LYDENBURG: THEODORE TORRE STAAK BOERDERY VEILING
306 Beeste
11:00, Rooikrans, Lydenburg
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

**WOENSDAG - 8 FEBRUARIE 2023**
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

VREDE: NEUMAN BROERS AANTEELVEILING
Merinos en Drakensbergers
11:00, Newlands, Vrede
Kontak Daan Cronjé 072 409 0033
Gerrit Theunissen 082 331 2037

BETHULIE: "ONDER DIE BOOM" veiling
Dorpers en wit Dorpers
11:00, Vlakplaats, Bethulie
Kontak Stephan de Swardt 083 382 6616

**DONDERDAG - 10 FEBRUARIE 2023**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

KROONSTAD: WILLIE BRITZ ALGEHELE UITVERKOPING
Brahman x & Bonsmara/Brahman x beeste
11:00, Kroonstad veilingskrale
Kontak George Marich 072 205 1074

**VRYDAG - 10 FEBRUARIE 2023**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 11 FEBRUARIE 2023**
FRANKFORT: DIE DORMER VEILING
11:00, Frankfort Gholf klub
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KOPPIES: MAKSI MERINO LANDSKAAP GROEP
11:00, Verdeeld, Koppies
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za